

Behandel algemene velprobleme met dié produkte

Deur NATASHA VAN WYK

# Fantastiese velredders!



**Dr Maureen Allem, stigter van Skin Renewal se estetiese spesialissentrum, vertel meer oor die grootste orgaan van ons liggaam, die vel, en die oorsake van sekere velprobleme.**

## DROË VEL

'n Droë vel kan nie meer sy eie vog behou nie. Herstel dit met bevogtigende produkte en jou vel sal weer begin om natuurlik vog te behou.

## ROSACEA

Die vel is baie rooi, sensitief en reaktief. Gespesialiseerde velsorgprodukte bevat strelende, aktiewe bestanddele om die vel te behandel. "Ek stel **Skin Medica** se ***Redness Relief CalmPlex*** voor. Ons gebruik in sommige gevalle gespesialiseerde laserbehandeling. Dit laat die aktiewe bestanddele in produkte dieper penetreer, soos met transdermale mesoterapie. LED-ligterapie (bekend as PDT) werk met strelende serums vir sensitiewer velle en om die vel te genees. Sou daar are in die vel wees wat direk tot rooiheid bydra, kan dit met die **ND:Yag**-laser behandel word.

## VOLWASSE AKNEE

Volwassenes met 'n puisie-uitslag is geneig om dit self te wil behandel. Dit is nie 'n goeie idee nie. Om die verkeerde produkte en harde, aggressiewe tegnieke sonder die regte nasorg te gebruik, kan letsels veroorsaak en die uitslag vererger. Donker vlekke as gevolg van pigmentasie wat ná tye van inflammasie vorm, is ook algemeen. Soek hulp by 'n kenner.

## PIGMENTASIE EN 'N ONEWEREDIGE VELKLEUR

Suid-Afrikaners se velle word baie aan die son blootgestel. Die meeste sonskade is reeds in jou tiener- en twintigerjare opgedoen, maar die bewyse is eers in jou dertigs en veertigs sigbaar. Gebruik altyd 'n sonskerm, hetsy dit reën of die son skyn. Dit is 'n moet in ons land. 'n Hormonale wanbalans is ook 'n oorsaak van pigmentasie, maar behandeling hiervoor het 'n heel ander benadering. "Ons sal eers die pasiënt se hormoonvlakke normaliseer voordat ons kan verwag om die pigmentasie suksesvol te behandel. Hierdie pasiënte moet 'n holistiese dokter sien."

## EKSEEM

Ware ekseem is geneties. Die vel word rooi, jeukerig en droog. Toestande kan vererger as gevolg van 'n wanbalans in jou ingewande wat jou immuunstelsel aantas. In sulke gevalle sal die pasiënt gereeld 'n uitslag kry wanneer hy of sy gestres is of wanneer die immuunstelsel gestimuleer word om teen siektes te veg. 'n Holistiese geneesheer sal só 'n pasiënt kan help. **Besoek www.skinrenewal.co.za vir meer inligting**




**Gaan na www.vrouekeur.co.za vir dr Maureen se 'basiese formule' om met grasie te verouder**

Produktfoto's Peter Whitfield en verskaf; Shutterstock/ Elite Photo Agency

**Alle pryse is die voorgestelde verkooppryse*